higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 4

(7601034)

28 Februarie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf slegs met BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN is die beste rede hoekom jy behoort te stem?

A Om 'n dag by die werk af te kry
B Om sosiaal met jou vriende te verkeer
C Om demokrasie te bevorder
D Om korrupsie te wettig

1.2 Watter EEN is 'n voordeel van lewenslange leer?

A Jy sal jou kennis verbreed
B Jy sal papegaai-leer toepas
C Jy sal feite opsê
D Jy sal passiewe leer ontwikkel

1.3 Baie nuwe moeders mag na die geboorte deur 'baby' ... beïnvloed word.

A 'yellows'
B 'pinks'
C 'blacks'
D 'blues'

1.4 Hierdie hof hanteer kwessies oor indiensneming wat deur laerhowe verwys word.

A Konstitusionele
B Arbeid
C Streek
D Magistraat

1.5 Wat is die beste manier om tieners wat aan depressie ly se verhouding met hulle vriende te herstel?

A Ontmoedig hulle om vrywillige diens te lewer
B Stel aktiwiteite voor wat hulle op hul eie kan doen
C Moedig hulle aan om saam met hul vriende uit te gaan
D Beveel aan dat hulle tuis bly

1.6 Serotonien is verantwoordelik vir die handhawing van balans van ...

A beweging.
B beweeglik.
C gemoedstemming.
D aksie.

Kopiereg voorbehou

1.7 Die woord illustreer in 'n eksameninstruksie beteken om ...

A items langs mekaar te plaas sodat verskille beskou kan word.
B te verduidelik of duidelik te maak deur voorbeelde of afbeeldings te gebruik.
C 'n idee in onderafdelings te verdeel en dit in besonderheid te kritiseer.
D 'n gespesifiseerde lys in numeriese formaat.

1.8 Arbeidswetgewing help ... te beskerm.

A om werknemers se private belangstellings
B om werkgewers teen die betaal van belasting
C werkgewers teen enige iets wat hulle beplan om te doen
D om werknemers teen uitbuiting deur werkgewers

1.9 'n Werknemer se reg is:

A 'n Etiese of wettige reg
B 'n Onbeperkte reg
C 'n Absolute mag
D 'n Onetiese en onwettige reg

1.10 Die hooffunksie van kortisol is om ons te beskerm teen:

A Steroïede
B Stamina
C Stres
D Kontak

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Gee EEN rede vir elke antwoord.

2.1 'n Telefoon- en Skype-onderhoud is soortgelyk want in beide gevalle kan jy nie die onderhoudvoerders sien nie.

2.2 Die proses om bloed te skenk duur 5 uur.

2.3 Die term *beskryf* beteken om idees, bestaande uit een woord, in 'n lys neer te skryf.

2.4 Aggressiewe gedrag in 'n onderhoud word as selfversekerdheid gesien.

2.5 Depressie is meer ernstig as stres.

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Redes gee, vir of teen iets	A	kognitiewe vaardighede
3.2	'n Kwessie uitklaar	B	bepeins
3.3	Iets op 'n nuwe wyse doen	C	logiese redenering
3.4	Diep oor iets nadink	D	verduidelik
3.5	Stapsgewys, deeglike oorweging, van een stukkie inligting na 'n ander	E	argumenteer
3.6	Hierdie metode help jou om te studeer	F	passief
3.7	Afbreek van inligting in komponente	G	evalueer
3.8	Denke, beredenering en begrip	H	kreatiwiteit
3.9	Toon hoe kwessies verskil	I	ontleed
3.10	Te beoordeel	J	SQ2T
		K	SQ3R
		L	kontras

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Wanneer 'n arbeidsgeskil deur 'n hof geskik word, staan die wyse wat gevolg is bekend as ... .

4.2 'n Bemiddelaar moet altyd …. wees sodat regverdigheid geskied.

4.3 Die gebruik van ... medisyne help om die uitwerking van MIV te verlig.

4.4 Die soort depressie waaraan 'n moeder ly wat pas geboorte geskenk het, word ... depressie genoem.

4.5 'n Arbeidseenheid wat kollektiewe bedinging hanteer word 'n ... genoem.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Veldtogte om bloed te skenk vind op kampus plaas.

5.1.1 Noem TWEE siektes waarvoor jy getoets sal word wanneer jy aansoek doen om bloed te skenk. (2)

5.1.2 Wat is 'n persoon se minimum gewig sodat hy/sy kwalifiseer om bloed te skenk? (2)

5.1.3 Wat is die doel van bloed skenk? Identifiseer TWEE doelwitte. (2)

5.2 Verkeersongelukke is 'n nasionale prioriteit.

5.2.1 Hoekom is verkeersongelukke 'n nasionale prioriteit? Gee TWEE redes. (2)

5.2.2 Identifiseer TWEE oogmerke van Eerstehulp. (2)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B

VRAAG 6

Kyk na die afbeelding en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.google/images.co.za*]

6.1 Aflegging is algemeen.

6.1.1 Hoe dink jy voel die man in die afbeelding hier bo? (1 × 2) (2)

6.1.2 Beskryf kortliks DRIE voorwaardes vir billike ontslag. (3)

6.1.3 Wat verstaan jy met die term *aflegging*? (1 × 2) (2)

6.1.4 Noem VIER vaardighede wat die persoon in die afbeelding nodig het om meer kompeterend in die arbeidsmark te wees. (4)

6.1.5 Beskryf VIER maniere hoe afdanking hanteer moet word. (4)
[15]

VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Ayanda is onlangs deur die werk in die pad gesteek omdat sy geweier het om haar bestuurder se kind nauurs by die skool te gaan haal.

Die bestuurder het haar een dag kennis gegee. Sy is slegs betaal vir die dae wat sy reeds gewerk het. Ayanda is nie vir die res van die maand betaal nie.

7.1 Na watter TWEE wette kan Ayanda verwys, wat haar met hierdie situasie kan help? (2)

7.2 Watter TWEE items in 'n dienskontrak kan Ayanda teen die situasie wat beskryf is beskerm? (2)

7.3 Dink jy Ayanda is onbillik ontslaan? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2 × 2) (4)

7.4 Verduidelik TWEE handelinge aan Ayanda wat sy kan volg om haar werksituasie reg te stel. (2 × 2) (4)

7.5 Lys DRIE dokumente wat Ayanda kan gebruik om vir 'n nuwe werk aansoek te doen. (3)

7.6 Werkgewers verwag van werksoekers soos Ayanda om tegnologie te gebruik wanneer vir 'n pos aansoek gedoen word. Verduidelik kortliks aan Ayanda wat 'n aanlyn aansoek om 'n betrekking is. (1 × 2) (2)


7.7 Gebruik 'n tabel waar DRIE voor- en nadele van aanlyn aansoeke om 'n betrekking in vergelyking en teenstelling geplaas word. (3 + 3) (6)

7.8 Verduidelik kortliks aan Ayanda hoe belangrik liggaamstaal in 'n onderhoud is. Gee TWEE antwoorde. (2)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

Bestudeer die spotprent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *http://bigrockcoaching.uk/exam-stress/*]

8.1 Toetse en eksamen kan baie uitdagend vir studente by 'n kollege wees.

8.1.1 Verduidelik hoe jy die stres van eksamen sal hanteer.

Gee VIER antwoorde. (4)

8.1.2 Beskryf TWEE algemene foute wat studente maak wanneer hulle eksamen skryf. (2)

8.1.3 Lys VIER wenke wat jy kan toepas wanneer jy eksamen skryf. (4)

8.2 Sodra jy jou vlak 4 eksamen afgehandel het, word die doelwitte wat jy vir lewenslange leer stel baie belangrik.

8.2.1 Identifiseer TWEE doelwitte vir jou lewenslange leer. (2)

8.2.2 Skryf 'n paragraaf van VIER sinne om die waarde van lewenslange leer te verduidelik. (4)

8.3 Gedurende 'n werksonderhoud lewer die onderhoudvoerder kommentaar op die goeie punte wat jy behaal het. Sy vra jou om haar VIER wenke te gee van hoe die beste manier is om die voorafgaande weke vir die eksamen voor te berei. (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 9

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.



'Future Beats' is 'n program vir jeugontwikkeling- en MIV-voorkoming. Dit het ten doel om op kampusse in Suid-Afrika by radiostasies met 'n radio- en sosiale media-program te begin. Dit is om groter bewustheid oor MIV en Vigs te skep.

[Aangepas uit: *https://heaids.org.za/events/page4*]

9.1 Stel jou voor dat jy 'n kandidaat vir 'n SR-verkiesing op kampus is. Jy wil dat die studente vir jou stem. Jy skep 'n manifes.

9.1.1 In jou manifes, verduidelik hoe jy radio en sosiale media sal gebruik vir die bevordering van 'n ondersteunende omgewing vir mense op kampus wat met MIV leef. Gee TWEE idees vir radio en TWEE idees vir sosiale media. (2 + 2) (4)

9.1.2 Gebruik jou manifes om aan kafeteria op kampus DRIE voedingkundige wenke aan te beveel vir mense wat met MIV leef. Gee 'n rede vir elke item in jou voedselplan. (3 + 3) (6)

9.1.3 In jou manifes, beskryf DRIE wyses hoe om TB op kampus te voorkom. (3)

9.2 Berei 'n toespraak voor wat jy op radio sal lewer waar jy aan studente sal verduidelik hoe hulle op stemdag by die stemlokaal moet optree. Gee hulle DRIE wenke van 'n goeie kieser se gedrag. (3)

9.3 Jy nooi die OVK op verkiesingsdag na die kampus.

Ontleed krities TWEE van die OVK se funksies in verkiesings. (2 × 2) (4)

[20]

VRAAG 10

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Ben Van Niekerk is 'n enkelouer. Hy is ongelukkig dat inligting oor sy MIV-status op die Internet geplaas en by sy werkplek bekend is. Dit het daartoe gelei dat ander werknemers hom anders behandel.

Ben se werkprestasie is hierdeur beïnvloed. Hy het begin foute maak.

Die toesighouer het hom nie vir opleiding aanbeveel nie. Toe Ben wou weet hoekom nie, het sy geantwoord dat sy dink Ben binnekort die werkplek gaan verlaat.

10.1 Identifiseer TWEE menseregte wat in die scenario geskend word. (2)

10.2 Hoe het Ben gevoel toe sy toesighouer aan hom sê sy dink dat hy die werkplek binnekort gaan verlaat? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1 + 1) (2)

10.3 Hoekom is Ben se werkprestasie beïnvloed? (1 × 2) (2)

10.4 Gee Ben raad oor waar hy ondersteuning kan kry wat hom sal help dat hy sy kinders kan grootmaak. (1)

10.5 Skryf 'n paragraaf met VYF idees van hoe voorligting aan die toesighouer gegee kan word. Verduidelik aan die toesighouer hoe sy Ben moet behandel, in plaas van om teen hom te diskrimineer. (5)

10.6 Verduidelik aan Ben TWEE wyses hoe die KVBA werkers bystaan. (2)

10.7 Indien Ben op 'n staking wil gaan, watter TWEE prosedures moet hy volg? (2)

10.8 Identifiseer DRIE voordele dat Ben aan 'n vakbond behoort. (3)

10.9 Een van Ben se kollegas het sy MIV-status aanlyn laat uitlek. Evalueer krities in VIER sinne die optrede van die kollega. (4)

10.10 Ben wil betoog. Help hom om 'n sterk slagspreuk vir 'n plakkaat te skep wat diskriminasie in die werkplek teen mense wat met MIV leef teenstaan. (1 × 2) (2)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 45
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou